

Nuwe mandjie produkte wys 'n laer inflasiekoers

Nellie Brand, Kaapstad

'n Nuwe mandjie produkte wat na verwagting teen volgende jaar Januarie gebruik gaan word om die inflasiekoers te bereken, toon 'n laer inflasiekoers as wat tans gemeet word.

Die batebestuurgroep Dynamic Wealth se ekonome het op grond van inligting wat van Statistieke Suid-Afrika (SSA) verkry is, bereken dat die inflasiekoers met die nuwe mandjie tussen 1% en 1,5% laer kan wees.

Prof. Chris Harmse, hoofekonoom, glo hulle is die eerste ekonomiese navorsingseenheid wat sy "nek uitsteek" om met dié inligting die berekening te doen.

'n Nuwe inflasiemandjie word omtrent elke vyf jaar bepaal op grond van SSA se opname van huishoudings se inkomste en bestedingspatrone.

Of die hersaamgestelde mandjie 'n opwaartse of afwaartse uitwerking het op die inflasiekoers, moet deur die monetêrebeleidskomitee (MBK) in ag geneem word, het Harmse gesê.

Hy bevraagteken of die (MBK) dit in ag neem veral as gekyk word na die "flaters", wat die Reserwebank sedert 2006 ten opsigte van inflasie begaan het omdat die "verandering in die inflasie-landskap" nie raakgesien is nie.

"Die aard van inflasie het die afgelope jaar wesenlik verander. Ons is van mening dat die MBK nie bewus is hiervan en van die nuwe inflasiemandjie nie."

Harmse het gesê die eerste flater was dat die Reserwebank aan die begin van 2006 nie op inflasieverwagtinge gereageer het wat aangedui het dat die inflasieteikengrens oorgesteek gaan word nie. Dieselfde flater is 'n jaar later begaan toe rentekoersverhogings gestaak is al het die verwagtinge steeds hoër inflasie getoon.

Harmse het gesê intussen het kostedruk in die ekonomie begin opbou en het die "aard van inflasie weer verander sonder dat die beleidskomitee dit optel".

"Die veranderende inflasie-omgewing het twyfel laat ontstaan of monetêre beleid die vermoë het om 'n impak op inflasie te hê." Hy het verwys na die gaping wat vergroot het ten opsigte van die inflasiekoers van produkte in die mandjie wat gevoelig is vir rentekoerse en dié wat nie op rentekoerse reageer nie naamlik voedsel en geadministreerde pryse.

Die inflasiekoers van die produkte wat nie rentekoers-gevoelig is nie en buite die beheer van die Reserwebank is, het die hoogte ingeskiet tot bo 13,3%. Dit is onder meer weens die petrolprys. "Dit het net beklemtoon dat die Reserwebank deur die verhoging van rentekoerse nie 'n uitwerking gaan hê nie en dit kom voor asof hulle die situasie nie erken nie."

Harmse het gesê daar is wesenlike gewigsverskille aan die produkte in die nuwe mandjie toegeken, veral in die gewigte vir voedsel, vervoer, behuising, water en elektrisiteit.

Die gewig wat aan voedsel gegee word, gaan byvoorbeeld van 27,4% afgebring word tot 16,6% en vervoer se gewig gaan van sowat 15,3% tot 22,9% verhoog word.

Volgens hom het hulle die afgelope jaar se inflasiekoers op die nuwe mandjie uitgewerk en dit is deurgaans tussen 1% en 1,5% laer as wat dit was.